(11) By gebreke van enige bewyse van nalatigheid aan die kant van die Raad en enige van sy werknemers, is die Raad nie aanspreeklik vir die verlies of diefstal van enige klere of besittings, van welke aard ook al, wat deur enige persoon in enige kleedkamer, of hokkie of op enige ander plek binne die badterrein gelaat word nie, en die Raad is nie aanspreeklik vir enige siekte of besering wat enige persoon opdoen of beweër dat hy opgedoen het terwyl hy 'n bad besoek het nie.

(12) (1) Geen persoon mag in 'n bad waterpolo speel nie, behalwe op sodanige tye en voorwaardes as wat die Raad of die superintendent vasstel, en geen persoon mag enige spel speel wat ander baaiers of toeskouers kan bekeer of verontref nie.

(2) Die gebruik van branderplanke, kano's, bote, ponte, vlotte of ander dinge wat beserings kan veroorsaak, word verbied, behalwe met die uitdruklike goedkeuring van die superintendent en op sodanige voorwaardes as wat hy voorskryf.

(13) Geen persoon mag enige dier of voël wat op 'n badterrein aangehou word, molesteer of hom daarmee bemoei nie, en geen persoon mag hom met enige plant bemoei of enige blom, steggie of plantloot afpluk of afsny nie.

(14) Geen persoon mag by enige bad dobbel nie.

(15) Persone wat die bad gebruik, doen dit op eie risiko en hoewel die Raad alle redelike sorg beoefen, neem hy geen verantwoordelikheid op hom nie.

(16) Enige persoon wat die voorafgaande regulasies oortree of wat die superintendent by die toepassing van hierdie regulasies of enige bevel ingevolge daarvan maak, hinder, stel homself aan vervolging bloot.

HEFFINGSKEDULE.

1. TOEGANG PER PERSOON PER SESSIE
Volwassenes — R0.10.
Kinders — R0.05.
Ten opsigte van kinders bo 16 jaar geld dieselfde tariewe as vir volwassenes.
2. NIE-OORDRAAGBARE MAANDKAARTJIES
Volwassenes — R1.50.
Kinders (16 jaar en jonger) — R0.75.
3. NIE-OORDRAAGBARE SEISOENKAARTJIES
Volwassenes — R5.00.
Kinders (16 jaar en jonger) — R2.50.
4. GEBRUIK VAN BAAIKOSTUUM EN HANDDOEK
Per persoon per sessie per artikel — R0.10.
5. SKOOLKINDERS
Per skool per seisoen (raadpleeg regulasie 4 (7)) op voorwaarde dat groepe kinders van 20 of meer, vergesel moet wees deur en onder die sorg van 'n onderwyser, gedurende die tydperke wat vir die gebruik van skoolkinders opsygesit is — R20.00 per seisoen per skool.

6. RESERVATION OF BATH

Reservation of bath for swimming galas, etc., per gala — R20.00.

Reservation of the bath for "Club Nights" by swimming clubs or other approved organisations not more than once per week per club or organisation, during hours specified by the Council including water-polo matches, but excluding swimming galas, per season — R20.00.

Provided that entrance fees may be collected for its own benefit by relevant club or organisation on such occasion.

Reservation of bath for recreation or physical training purposes of a school or similar approved organisations, not more than once per week per school or organisation on any day from Monday to Friday during hours specified by Council, per session — R2.00.

6. BESPREKING VAN DIE BAD

Bespreking van die bad vir swemgalas, ens., per gala — R20.00.

Bespreking van die bad vir „klub-aande" deur swemklubs of ander goedgekeurde organisasies, hoogstens een keer per week per klub of organisasie, tydens ure deur die Raad vasgestel, insluitende waterpolo-wedstryde, maar uitgesonderd swemgalas, per seisoen — R20.00:

Met dien verstande dat die betrokke klub of organisasie by so 'n geleentheid self toegangsgelde vir eie gewin mag vorder.

Bespreking van die bad vir ontspannings- of liggaamsopvoedingsdoeleindes deur 'n skool of soortgelyke goedgekeurde organisasies, hoogstens een keer per week per skool of organisasie, op enige dag tussen Maandag en Vrydag, op tye deur die Raad vasgestel per sessie — R2.00.

No. 114.]

[15 August 1968

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section 243, read with section 274 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve of the following amendment of the Meat and Abattoir Regulations promulgated by Government Notice 61 of 1960, as amended by Government Notices 98 of 1962, 163 of 1964 and 125 of 1967.

THE MUNICIPALITY OF WALVIS BAY.

AMENDMENT OF MEAT AND ABATTOIR REGULATIONS.

The Meat and Abattoir Regulations are hereby amended by the substitution for the definition of "Abattoir" in paragraph 1 of Chapter 1 of the following:—

"Abattoir — shall mean the municipal abattoir".

No. 115.]

[15 August 1968

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section 30 of the Explosives Ordinance, 1962 (Ordinance 31 of 1962) to amend the regulations published under Government Notice 52 of 9 April 1968, as follows:—

Regulation 229 (1) is hereby amended by the substitution for the words "thirty rand" of the words "ten rand".

No. 116.]

[15 August 1968

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 9 of the Native Housing Levy Ordinance, 1961 (Ordinance 33 of 1961) to amend the Regulations in regard to the Native Housing Levy Ordinance, 1961 promulgated by Government Notice 7 of 1962:

No. 114.]

[15 Augustus 1968

Dit behaag die Administrateur om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 saamgelees met artikel 274 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die Vleis- en Slagplaasregulasies van die Munisipaliteit van Walvisbaai, afgekondig by Goewermentskennisgewing 61 van 1960, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 98 van 1962, 163 van 1964 en 125 van 1967.

DIE MUNISIPALITEIT VAN WALVISBAAI.

WYSIGING VAN VLEIS- EN SLAGPLAAS-REGULASIES.

Die Vleis- en Slagplaasregulasies word hierby gewysig deur die woordbepaling van „Slagplaas" in paragraaf 1 van Hoofstuk 1 deur die volgende te vervang:—

„Abattoir — beteken die Munisipale abattoir".

No. 115.]

[15 Augustus 1968

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 30 van die Ordonnansie op Ontploffbare Stowwe 1962 (Ordonnansie 31 van 1962) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 52 van 9 April 1968 soos volg te wysig:

Regulasie 229 (1) word hierby gewysig deur die woorde „dertig rand" met die woorde „tien rand" te vervang.

No. 116.]

[15 Augustus 1968

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 9 van die Ordonnansie insake Heffings vir Inboorlingbehuising 1961 (Ordonnansie 33 van 1961) soos gewysig, die Regulasies op die Ordonnansie insake Heffings vir Inboorlingbehuising 1961 afgekondig by Goewermentskennisgewing 7 van 1962 te wysig:—

- (1) By the insertion of the words "or levies" after the word "contributions" in subparagraphs (a) and (b) of the definition of "month" in regulation 1.
- (2) By the insertion of the words "or levies" after the word "contributions" in regulations 2 (a), 2 (c) and 2 (d) and in the introductory sentence of regulation 2.
- (3) By the insertion in regulation 3 of the words "or levies" between the words "contributions" and "fail to maintain proper records" and between "contributions" and "payable by him" respectively.
- (4) By the insertion in regulation 3 of the words "or levy" between the words "contribution" and "thus determined" and "contribution" and "shall be adjusted" respectively.
- (5) By the insertion of the words "or levies" after the word "contributions" in the last sentence of Annexure B.
- (6) By the substitution of the word "levies" for "contributions" in paragraphs 1 and 7 and in the last sentence of Annexure C.
- (7) By the insertion of the following Annexure after Annexure C:

ANNEXURE D.

NATIVE HOUSING LEVY ORDINANCE 33 OF 1961.

Particulars of male Native employees.

1. Name of employer
Month
2. Address of employer
3. Number of Natives employed during month
4. Number of Natives who worked in the declared housing area

..... for 1 day for 16 days
..... for 2 days for 17 days
..... for 3 days for 18 days
..... for 4 days for 19 days
..... for 5 days for 20 days
..... for 6 days for 21 days
..... for 7 days for 22 days
..... for 8 days for 23 days
..... for 9 days for 24 days
..... for 10 days for 25 days
..... for 11 days for 26 days
..... for 12 days for 27 days
..... for 13 days for 28 days
..... for 14 days for 29 days
..... for 15 days for 30 days
 for 31 days
5. The previous return was rendered for the month ending on
6. This return covers the period of days for the month ending on
7. The amount payable is R.....
8. I hereby certify that the above is a true statement of the number of adult male Natives in

- (1) Deur die woorde „of heffings" na die woord „bydraes" in subparagraph (a) en (b) van die omskrywing van „maand" in regulasie 1 in te voeg.
- (2) Deur die woord „of heffings" na die woord „bydraes" in te voeg in regulasies 2 (a), 2 (c) en 2 (d) en in die inleidende sin van regulasie 2.
- (3) Deur in regulasie 3 die woorde „of heffings" in te voeg tussen die woorde „bydraes" en „betaalbaar", „bydraes" en „deur hom betaalbaar" en „bydraes" en „aldus vasgestel" onderskeidelik.
- (4) Deur die invoeging in regulasie 3 van die woorde „of heffing" na die woord „bydrae".
- (5) Deur die invoeging van die woorde „of heffings" na die woord „bydraes" in die laaste sin van Bylae B.
- (6) Deur die vervanging in Bylae C van die woord „bydraes" deur heffings in paragrawe 1 en 7 en in die laaste sin daarvan.
- (7) Deur die invoeging van die volgende bylae na Bylae C:

BYLAE D.

ORDONNANSIE INSAKE HEFFINGS VAN INBOORLINGBEHUISING 33 VAN 1961.

Besonderhede van manlike inboorlingwerknemers.

1. Naam van werkgewer
Maand
2. Adres van werkgewer
3. Getal inboorlinge in diens gedurende die maand
4. Getal inboorlinge wat binne die verklaarde behuisingsgebied gewerk het

..... vir 1 dag vir 16 dae
..... vir 2 dae vir 17 dae
..... vir 3 dae vir 18 dae
..... vir 4 dae vir 19 dae
..... vir 5 dae vir 20 dae
..... vir 6 dae vir 21 dae
..... vir 7 dae vir 22 dae
..... vir 8 dae vir 23 dae
..... vir 9 dae vir 24 dae
..... vir 10 dae vir 25 dae
..... vir 11 dae vir 26 dae
..... vir 12 dae vir 27 dae
..... vir 13 dae vir 28 dae
..... vir 14 dae vir 29 dae
..... vir 15 dae vir 30 dae
 vir 31 dae
5. Die vorige opgawe is gelewer vir die maand eindigende op
6. Hierdie opgawe dek die tydperk van dae vir die maand geëindig op
7. Die bedrag betaalbaar is R.....
8. Ek sertifiseer dat bogenoemde 'n ware opgaaf is van die manlike Inboorlingwerknemers wat

my employ in respect of whom I am liable to pay contributions and of the number of days worked by them during the month of

in my diens is ten opsigte van wie ek bydraes moet betaal en die getal dae deur hulle gedurende die maand gewerk is.

Signature of Employer.

Handtekening van Werkgewer.

Date:

Datum:

No. R. 1224 (Republic).]

[19 July 1968

No. R. 1224 (Republiek).]

[19 Julie 1968

The State President has, in terms of section 26 of the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957), as amended, been pleased to make the following regulation:—

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 26 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), soos gewysig, onderstaande regulasie te maak:—

The Public Service Regulations, published under Government Notice No. 2047, dated 11 December 1959, as amended, are hereby further amended by the substitution of the following new Chapter G for the existing chapter:—

Die Staatsdiensregulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 2047 van 11 Desember 1959, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Hoofstuk G deur die volgende nuwe hoofstuk te vervang:—

"CHAPTER G.

„HOOFSTUK G.

OFFICIAL HOURS OF ATTENDANCE, ATTENDANCE REGISTERS, WORKING WEEKS AND OVERTIME REMUNERATION.

AMPTELIKE DIENSURE, BYWONINGSREGISTERS, WERKWEKE EN OORTYDBESOLDIGING.

Official Hours of Attendance.

Amptelike Diensure.

G1.1 Notwithstanding any provisions to the contrary contained in this chapter, the head of the office may require an officer or employee to perform official duty on any day of the week or at any time during the day or night or to attend at his normal place of work or elsewhere for such duty.

G1.1 Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie hoofstuk vervat, kan die hoof van die kantoor van 'n beampte of werknemer vereis om op enige dag van die week of op enige tyd van die dag of die nag amptelike diens te verrig of om by sy normale werkplek of elders aanwesig te wees vir sodanige diens.

G 1.2 Subject to the provisions of subregulation 1 and of regulation G3, an officer or employee shall be present for duty at his place of work as follows:—

G1.2 Behoudens die bepalings van subregulasie 1 en van regulasie G3, moet 'n beampte of werknemer soos volg by sy werkplek vir diens aanwesig wees:—

- (a) *In Pretoria.*—As recommended by the Commission from time to time.
- (b) *Elsewhere.*—At the discretion of the head of a department with due observance of local conditions and the public interest.

- (a) *In Pretoria.*—Soos deur die Kommissie van tyd tot tyd aanbeveel.
- (b) *Elders.*—Na goeddunke van die departementshoof, met inagneming van plaaslike toestande en die openbare belang.

G1.3 The head of a department shall determine the meal break of an officer or employee or classes of officers or employees: Provided that a meal break falling within the official hours of attendance prescribed in terms of the provisions of this chapter shall not be reckoned as official duty time for the completion of the working week.

G1.3 Die departementshoof bepaal die etenspouse van 'n beampte of werknemer of klasse beamptes of werknemers: Met dien verstande dat 'n etenspouse wat binne die amptelike diensure val wat kragtens die bepalings van hierdie hoofstuk voorgeskryf is, nie as amptelike dienstyl vir die voltooiing van die werkweek gereken word nie.

G 1.4 The head of a department shall determine the times, within the official hours of attendance prescribed in terms of the provisions of this chapter, during which the public shall have access to the government offices or places of work under his control for the purpose of official business.

G1.4 Die departementshoof bepaal gedurende welke tye die publiek vir amptelike besigheidsdoeleindes toegang sal hê tot die staatskantore of -werkplekke onder sy beheer, binne die amptelike diensure kragtens die bepalings van hierdie hoofstuk voorgeskryf.

G1.5 An officer or employee —

G1.5 'n Beampte of werknemer —

- (a) shall, during his official hours of attendance, give his full attention to the duties entrusted to him; and
- (b) shall not without the consent of the head of his office be absent from his office or place of work during his official hours of attendance.

- (a) moet gedurende sy amptelike diensure sy volle aandag wy aan die pligte wat aan hom toevertrou is; en
- (b) mag nie van sy kantoor of werkplek gedurende sy amptelike diensure sonder toestemming van die hoof van sy kantoor afwesig wees nie.

Attendance Registers.

G2.1 The head of each office shall be responsible for the observance by the staff under his control of the prescribed hours of attendance.

G2.2 An attendance register shall be kept in which an officer in the clerical, technical, general A or general B division or an employee shall personally record the time of his arrival at and departure from his place of work: Provided that the provisions of this subregulation shall not be applicable to —

- (a) an officer or employee who is remunerated in accordance with a salary scale the maximum notch of which exceeds the maximum notch of the salary scale attaching to a post of administrative assistant in the clerical division; and
- (b) an officer or employee who serves under circumstances which, in the opinion of the head of a department, render the keeping of a record of his attendance impracticable or undesirable; in such event the head of a department shall make such other arrangements as he may consider adequate to ensure that the prescribed hours of attendance are observed.

G2.3 The attendance register shall be entrusted by the head of the office to the personal custody of an officer or employee whose duty it shall be to —

- (a) ensure that the attendance register is accessible to members of the staff for the purpose mentioned in subregulation 2 and then only during such limited periods at the commencement and conclusion of the day's duties as may be indicated by the head of the office;
- (b) ensure that only authentic recordings of arrival and departure are made by the officers and employees mentioned in subregulation 2;
- (c) examine the entries made in the attendance register and submit it daily for inspection by the head of the office or by an officer delegated for that purpose;
- (d) report any irregularity to the officer whose duty it is to inspect the record of attendance in terms of paragraph (c); and
- (e) ensure that recorded absences are covered by leave.

Working Weeks.

G3.1 Subject to the provisions of regulation G1 and the approval of the minister or administrator concerned, the head of a department shall decide, with due regard to the public interest, which officers and employees, or classes or groups of officers or employees, sections, branches or offices shall observe a five-day working week or otherwise, and he may prescribe different working weeks for different classes or groups of officers and employees, or for individuals within such classes or groups, or for sections, branches or offices.

G3.2 Unless explicitly otherwise prescribed in or in terms of the provisions of this chapter, an officer or employee shall render the undermentioned *minimum* hours of service:—

Bywoningsregisters.

G2.1 Die hoof van elke kantoor is verantwoordelik vir die nakoming deur die personeel onder sy beheer van die voorgeskrewe amptelike diensure.

G2.2 'n Bywoningsregister moet gehou word waarin 'n beampte in die klerklike, tegniese, algemene A- of algemene B-afdeling of 'n werknemer persoonlik die tyd van sy aankoms by en vertrek van sy werkplek moet aanteken: Met dien verstande dat die voorskrifte van hierdie subregulasie nie van toepassing is nie op —

- (a) 'n beampte of werknemer wat besoldig word volgens 'n salarisskaal waarvan die maksimum kerf hoër is as die maksimum kerf van die salarisskaal verbonde aan 'n pos van administratiewe assistent in die klerklike afdeling; en
- (b) 'n beampte of werknemer wat onder omstandighede dien wat, na die departementshoof se mening, die hou van 'n register van sy bywoning onprakties of onwenslik maak; in sodanige geval moet die departementshoof dié ander reëlings tref wat hy geskik ag ten einde te verseker dat die voorgeskrewe amptelike diensure nagekom word.

G2.3 Die bywoningsregister moet deur die hoof van die kantoor toevertrou word aan die persoonlike toesig van 'n beampte of werknemer wie se plig dit is om —

- (a) toe te sien dat die bywoningsregister beskikbaar is vir lede van die personeel vir die doel in subregulasie 2 genoem en dan slegs gedurende sodanige beperkte tye aan die begin en aan die einde van die dagtaak as wat deur die hoof van die kantoor aangedui mag word;
- (b) toe te sien dat slegs outentieke aantekenings van aankoms en vertrek gemaak word deur die beamptes en werknemers in subregulasie 2 genoem;
- (c) die aantekenings in die bywoningsregister na te gaan en die register daagliks vir inspeksiedoeleinde voor te lê aan die hoof van die kantoor of aan 'n beampte wat vir daardie doel aangewys is;
- (d) verslag te doen van enige onreëlmatigheid aan die beampte wie se plig dit kragtens paragraaf (c) is om die bywoningsregister te inspekteer; en
- (e) toe te sien dat aangetekende gevalle van afwesigheid deur verlof gedek word.

Werkweke.

G3.1 Behoudens die bepalings van regulasie G1 en die goedkeuring van die betrokke minister of administrateur, besluit die departementshoof met inagneming van die openbare belang, welke beamptes en werknemers, of klasse of groepe beamptes of werknemers, afdelings, takke of kantore 'n vyfdaagse werkweek of andersins moet nakom, en hy kan verskillende werkweke vir verskillende klasse of groepe beamptes en werknemers, of vir individue binne sodanige klasse of groepe, of vir afdelings, takke of kantore voorskryf.

G3.2 Tensy uitdruklik in of kragtens die bepalings van hierdie hoofstuk andersins voorgeskryf, moet 'n beampte of werknemer onderstaande *minimum* ure diens lewer:—

	* who is usually on duty during a working week of—				* wat gewoonlik op diens is gedurende 'n werkweek van		
	5 days. Weekly hours of attendance.	5 and 5½ days alternately or at longer intervals. Fort-nightly hours of attendance.	5½, 6 or 7 days. Weekly hours of attendance.		5 dae. Weeklikse diensure.	5 en 5½ dae om die beurt of met langer tussenpose. Twee-weeklikse diensure.	5½, 6 of 7 dae. Weeklikse diensure.
.) <i>Generally</i> in the case of —				(a) <i>In die algemeen</i> in die geval van —			
(i) an officer in the administrative, clerical or professional division *	40	80	39	(i) 'n beampte in die administratiewe, klerklike of vakkundige afdeling *	40	80	39
(ii) an officer in the technical or general A division *	44	88	44	(ii) 'n beampte in die tegniese of algemene A-afdeling *	44	88	44
(iii) an officer in the general B division or a full-time employee *	48	96	48	(iii) 'n beampte in die algemene B-afdeling of 'n voltydse werknemer *	48	96	48
.) <i>In particular</i> —				(b) <i>In die besonder</i> —			
(i) <i>in the postal services</i> in the case of — a telephone exchange superintendent or a female telephonist * an administrative assistant, senior woman assistant or a woman assistant employed in a post and telegraph office which has been classified by the Postmaster-General or the Director of Posts and Telegraphs, as the case may be, as a class 1 office, or a male telephonist * or an administrative assistant, senior woman assistant or a woman assistant employed in a post and telegraph office which has been classified by the Postmaster-General or the Director of Posts and Telegraphs, as the case may be, as a class 2 office, an officer in the general A or general B division serving in a departmental workshop or a White sub-postmistress *	40	80	39	(i) <i>in die poswese</i> in die geval van — 'n telefoonsentrale-superintendent of 'n telefoniste * 'n administratiewe assistent, senior vroue-assistent of 'n vroue-assistent werksaam in 'n pos-en-telegraafkantoor wat deur die Posmeester-generaal of die Direkteur van Pos-en-Telegraafwese, na gelang van die geval, as 'n klas 1-kantoor geklassifiseer is, of 'n telefonis * of 'n administratiewe assistent, senior vroue-assistent of 'n vroue-assistent, werksaam in 'n pos-en-telegraafkantoor wat deur die Posmeester-generaal of die Direkteur van Pos-en-Telegraafwese, na gelang van die geval, as 'n klas 2-kantoor geklassifiseer is, 'n beampte in die algemene A- of algemene B-afdeling wat in 'n departementele werkwinkel dien of 'n Blanke onderposmeesteres *	40	80	39
(ii) <i>in the Department of Transport</i> in the case of a meteorologist or an air traffic controller or an aeradio operator * or	42	84	42	(ii) <i>in die Departement van Vervoer</i> in die geval van 'n weerkundige of 'n lugverkeerder of 'n lugvaart-radiobediener * of	42	84	42
(iii) in the case of a member of the nursing staff in a hospital or institution *	50	100	50	(iii) in die geval van 'n lid van die verpleegpersoneel in 'n hospitaal of inrigting *	50	100	50

Provided that the head of a department may permit an officer in the technical, general A or general B division or a full-time employee to work not less than 40 hours per week where a regular five-day working week is operative, or not less than 80 hours per fortnight where a partial five-day working week is operative, or not less than 39 hours per week where neither a regular nor a partial five-day working week is operative unless, in the case of an employee serving under contract, his service contract provides otherwise.

G3.3 The working week and minimum hours of attendance of a part-time employee shall be as recommended by the Commission from time to time.

G3.4 Where the official hours of attendance prescribed for an officer or employee in terms of regulation G1.2 fall wholly or partially during the night, the working week of such officer or employee shall, for the purposes of calculating overtime duty, be reduced by one-sixth of that portion of the said hours of attendance falling during the night: Provided that the provisions of this subregulation shall not apply to a member of the nursing staff of a hospital or institution or to an officer or employee falling in a class whose conditions of service require him to perform night duty.

G3.5 (a) If an officer or employee, during the official hours of attendance prescribed for him in or in terms of the provisions of this chapter, is absent from duty as a result of leave granted or as a result of other circumstances which are acceptable to the head of a department, he shall be regarded as having been on duty during such absence for the purpose of the completion of his working week.

(b) The official hours of attendance which have been prescribed for an officer or employee in respect of the provisions of this chapter and which —

- (i) fall on a public holiday, in the case of an officer or employee who does not normally work on such day; or
- (ii) in the case of an officer or employee who normally works on a public holiday, fall on such other day on which he may be relieved from duty in lieu thereof,

shall be reckoned for the purposes of the completion of the working week.

Overtime Duty and Overtime Remuneration.

G4.1 If the head of an officer's or employee's office requires him, in terms of regulation G1.1, to perform overtime duty which entails exceeding the officer's or employee's official hours of attendance prescribed in or in terms of the provisions of this chapter, no overtime remuneration shall of right be claimable in respect of such overtime duty: Provided that the Treasury may, on the recommendation of the Commission, approve that the head of a department pay to an officer or employee non-pensionable overtime remuneration in respect of overtime duty on conditions recommended by the Commission.

G4.2 Notwithstanding the provisions of subregulation 1 the head of a department may pay non-pensionable overtime remuneration to officers and employees who perform unavoidable overtime duty in sections, branches or offices indicated by the Commission and approved by the Treasury.

Met dien verstande dat die departementshoof kan toelaat dat 'n beampte in die tegniese, algemene A- of algemene B-afdeling of 'n voltydse werknemer nie minder nie as 40 uur per week werk waar 'n gereelde vyfdaagse werkweek geld, of nie minder nie as 80 uur per twee weke waar 'n gedeeltelike vyfdaagse werkweek geld, of nie minder nie as 39 uur per week waar nóg 'n gereelde nóg 'n gedeeltelike vyfdaagse werkweek geld tensy, in die geval van 'n werknemer wat op kontrak dien, sy dienskontrak anders bepaal.

G3.3 Die werkweek en minimum diensure van 'n deeltydse werknemer is soos van tyd tot tyd deur die Kommissie aanbeveel.

G3.4 Waar die amptelike diensure wat vir 'n beampte of werknemer kragtens regulasie G1.2 voorgeskryf is, in die geheel of gedeeltelik gedurende die nag val, moet sodanige beampte of werknemer se werkweek vir doeleindes van die berekening van oortyddiens verminder word met een-sesde van daardie gedeelte van genoemde diensure wat gedurende die nag val: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subregulasie nie van toepassing is nie op 'n lid van die verpleegpersoneel in 'n hospitaal of inrigting of op 'n beampte of werknemer wat in 'n klas val wat as 'n diensvoorwaarde nagdiens moet verrig.

G3.5 (a) Wanneer 'n beampte of werknemer gedurende die amptelike diensure wat in of kragtens die bepalings van hierdie hoofstuk vir hom voorgeskryf is, van diens afwesig is as gevolg van verlof toegestaan of weens ander omstandighede wat vir die departementshoof aanneemlik is, moet hy, vir doeleindes van die voltooiing van sy werkweek geag word op diens te gewees het gedurende sodanige afwesigheid.

(b) Die amptelike diensure wat ten opsigte van 'n bepaalde dag in of kragtens die bepalings van hierdie hoofstuk vir 'n beampte of werknemer voorgeskryf is en wat —

- (i) op 'n openbare feesdag val, in die geval van 'n beampte of werknemer wat nie normaalweg op sodanige dag werk nie; of
- (ii) op sodanige ander dag val as wat hy normaalweg in plaas daarvan van diens vrygestel mag wees, in die geval van 'n beampte of werknemer wat normaalweg op 'n openbare feesdag werk,

moet ingereken word vir doeleindes van die voltooiing van sy werkweek.

Oortyddiens en Oortydbesoldiging.

G4.1 Wanneer die hoof van 'n beampte of werknemer se kantoor dit kragtens regulasie G1.1 van hom vereis om oortyddiens te verrig wat 'n oorskryding meebring van die beampte of werknemer se amptelike diensure soos in of kragtens die bepalings van hierdie hoofstuk voorgeskryf, mag oortydbesoldiging ten opsigte van sodanige oortyddiens nie as 'n reg geëis word nie: Met dien verstande dat die Tesourie, op aanbeveling van die Kommissie, kan goedkeur dat die departementshoof nie-pensioendraende oortydbesoldiging aan 'n beampte of werknemer ten opsigte van oortyddiens betaal op voorwaardes deur die Kommissie aanbeveel.

G4.2 Ondanks die bepalings van subregulasie 1 kan 'n departementshoof aan beamptes en werknemers wat onvermydelike oortyddiens verrig in afdelings, takke of kantore deur die Kommissie aangedui en deur die Tesourie goedgekeur, nie-pensioendraende oortydbesoldiging betaal.

G4.3 Subject to the provisions of subregulations 4 and 7 overtime remuneration which is authorised in or in terms of the provisions of this chapter shall be paid at the following rates:—

- (a) In respect of overtime duty on a Sunday: The hourly equivalent of the basic salary of the officer or employee concerned plus thirty per cent thereof.
- (b) In respect of overtime duty on a day other than a Sunday:—

The hourly equivalent of the basic salary of the officer or employee concerned plus 15 per cent thereof.

G4.4 Overtime remuneration shall not be paid at a rate higher than the rate calculated on the maximum notch of the salary scale attaching to a post of administrative assistant in the clerical division. Subject to the other provisions of this chapter overtime remuneration shall also not be paid to an officer or employee who progresses on a scale the maximum of which is higher than the maximum notch of the salary scale attaching to a post of administrative assistant in the clerical division.

G4.5 In the calculation of the overtime duty performed by an officer or employee —

- (a) a period of overtime duty of shorter duration than quarter of an hour, which is continuous with the official hours of attendance prescribed for the officer or employee concerned in or in terms of the provisions of this chapter, shall be ignored;
- (b) a period of overtime duty of shorter duration than an hour, which is not continuous with the official hours of attendance prescribed for the officer or employee concerned in or in terms of the provisions of this chapter, shall be reckoned as one hour;
- (c) one hour shall be added to the period of overtime duty in respect of each case where an officer or employee is —
 - (i) notified of overtime duty; or
 - (ii) informed that overtime duty of which he has been notified but for which he has not yet reported, has been cancelled, later than 6 p.m. on the previous day or after the close of the period of service immediately preceding the period of overtime duty, whichever may be the later; and
- (d) the full period of overtime duty of which an officer or employee has been notified, to a maximum of two hours, shall be added to the extra duty in respect of overtime duty which has been cancelled but for which such officer or employee reported because he was not notified beforehand of the cancellation.

G4.6 In the calculation of the overtime duty performed by an officer or employee during a period covered by a working week, and subject to the provisions of paragraph (b) of subregulation 5, portions of an hour in each total which is calculated at a separate tariff shall be —

- (a) ignored if less than half an hour;
- (b) reckoned as one hour if half an hour or longer.

G4.7 Overtime remuneration in respect of overtime duty performed during the night shall be calculated at the rates which have been prescribed for overtime duty on a

G4.3 Behoudens die bepalings van subregulasies 4 en 7, word oortydbesoldiging wat in of kragtens hierdie hoofstuk gemagtig is teen die volgende koerse betaal: —

- (a) Ten opsigte van oortyddiens op 'n Sondag: Die uurlikse ekwivalent van die betrokke beampte of werknemer se basiese salaris plus 30 persent daarvan.
- (b) Ten opsigte van oortyddiens op 'n ander dag as 'n Sondag:—

Die uurlikse ekwivalent van die betrokke beampte of werknemer se basiese salaris plus 15 persent daarvan.

G4.4 Oortydbesoldiging word nie betaal teen 'n koers wat hoër is as dié wat op die maksimum kerf van die salarisskaal verbonde aan 'n pos van administratiewe assistent in die klerklike afdeling bereken is nie. Behoudens die ander bepalings van hierdie hoofstuk, word oortydbesoldiging ook nie aan 'n beampte of werknemer wat vorder op 'n skaal waarvan die maksimum kerf hoër is as die maksimum kerf van die salarisskaal verbonde aan 'n pos van administratiewe assistent in die klerklike afdeling, betaal nie.

G4.5 By die berekening van oortyddiens deur 'n beampte of werknemer verrig, moet —

- (a) 'n tydperk van oortyddiens van korter as 'n kwartier wat aaneenlopend is met die amptelike diensure wat vir die betrokke beampte of werknemer in of kragtens die bepalings van hierdie hoofstuk voorgeskryf is, buite rekening gelaat word;
- (b) 'n tydperk van oortyddiens van korter as 'n uur wat nie aaneenlopend is nie met die amptelike diensure wat vir die betrokke beampte of werknemer in of kragtens die bepalings van hierdie hoofstuk voorgeskryf is, as een uur gereken word;
- (c) een uur by die tydperk van oortyddiens gereken word ten opsigte van elke geval waar 'n beampte of werknemer later as 6 nm. op die vorige dag of na afsluiting van die dienstydyperk wat die oortyddiens onmiddellik voorafgaan, naamlik die laaste —
 - (i) vir oortyddiens aangesê word; of
 - (ii) kennis gegee word dat oortyddiens waarvoor hy aangesê is maar waarvoor hy hom nog nie aangemeld het nie, gekanselleer is; en
- (d) die volle tydperk van oortyddiens waarvoor 'n beampte of werknemer aangesê is, tot 'n maksimum van twee uur, by die ekstra diens gereken word ten opsigte van oortyddiens wat gekanselleer is, maar waarvoor sodanige beampte of werknemer hom aangemeld het omdat hy nie vooraf van die kansellering in kennis gestel is nie.

G4.6 By die berekening van die oortyddiens wat 'n beampte of werknemer oor 'n tydperk wat deur 'n werkweek gedek word, verrig het, en behoudens die bepalings van paragraaf (b) van subregulasie 5, moet gedeeltes van 'n uur in elke totaal wat teen 'n afsonderlike tarief bereken word —

- (a) buite rekening gelaat word as dit korter as 'n halfuur is;
- (b) as een uur gereken word as dit 'n halfuur of langer is.

G4.7 Oortydbesoldiging ten opsigte van oortyddiens wat gedurende die nag verrig is, moet bereken word teen die tariewe wat vir oortyddiens op 'n Sondag ooreen-

Sunday in accordance with the provisions of regulation G4.3: Provided that the provisions of this subregulation shall not apply to a member of the nursing staff in a hospital or institution or to an officer or employee falling in a class performing night duty as a condition of service.

G4.8 An officer or employee shall give his full attention to the duties entrusted to him during periods of overtime duty and shall not without the consent of his supervisor be absent from his office or place of work during such periods.

Commuted Overtime Allowance.

G5 Notwithstanding anything to the contrary contained in this chapter, the Treasury may, in cases where the payment of overtime remuneration according to hourly rates is impracticable or undesirable, approve, on the recommendation of the Commission, that the head of a department pay to an officer or employee who is eligible for overtime remuneration, overtime remuneration on a commuted basis in respect of overtime duty.

Exceptional Cases.

G6 If circumstances arise which justify a departure from the provisions of this chapter, the head of a department may require an officer or employee or classes of officers or employees to observe such official hours of attendance or working weeks as may be recommended by the Commission, or the Treasury may approve that the head of a department pay overtime remuneration in respect of overtime duty to an officer or employee or classes of officers or employees at a rate and on conditions recommended by the Commission. The Commission may also, at its discretion, recommend special conditions and exceptions in regard to the keeping of attendance registers and the recording of an officer's or employee's time of arrival at and departure from his place of work."

This amendment comes into effect on the 1st September 1968.

Amendment No. 54.]

komstig die bepalings van regulasie G4.3 voorgeskryf is: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subregulasie nie van toepassing is nie op 'n lid van die verpleegpersoneel in 'n hospitaal of inrigting of op 'n beampete of werknemer wat in 'n klas val wat as 'n diensvoorwaarde nagdiens moet verrig.

G4.8 'n Beampete of werknemer moet gedurende tydperke van oortyd-diens sy volle aandag wy aan die pligte wat aan hom toevertrou is en mag nie van sy kantoor of werkplek sonder die toestemming van sy toesighouer gedurende sodanige tydperke afwesig wees nie.

Vaste Oortydtoelae.

G5. Ondanks andersluidende bepalings van hierdie hoofstuk kan die Tesourie, op aanbeveling van die Kommissie, goedkeur dat die departementshoof in gevalle waar die betaling van oortydbesoldiging volgens uur-tariewe onprakties of onwenslik is, aan 'n beampete of werknemer wat vir oortydbesoldiging in aanmerking kom, oortydbesoldiging op 'n vaste grondslag ten opsigte van oortyd-diens betaal.

Buitengewone Gevalle.

G6 As daar omstandighede ontstaan wat 'n afwyking van hierdie hoofstuk regverdig, kan die departementshoof van 'n beampete of werknemer of klasse beampetes of werknemers vereis om dié amptelike diensure of werkweke na te kom wat die Kommissie aanbeveel of kan die Tesourie goedkeur dat die departementshoof oortydbesoldiging ten opsigte van oortyd-diens aan 'n beampete of werknemer of klasse beampetes of werknemers betaal teen 'n tarief en op voorwaardes deur die Kommissie aanbeveel. Die Kommissie kan ook na goeddenke spesiale voorwaardes en uitsonderings aanbeveel met betrekking tot die hou van bywoningsregisters en die aantekening van 'n beampete of werknemer se tyd van aankoms by en vertrek van sy werkplek."

Hierdie wysiging tree in werking op 1 September 1968.

Wysiging No. 54.]

No. R. 1300 (Republic).] [2 August 1968

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL.

AMENDMENT OF THE RULES REGARDING THE REGISTRATION OF ADDITIONAL QUALIFICATIONS.

The Minister of Health has, in terms of section 94 (4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), as amended, approved the following amendment of the rules made by the South African Medical and Dental Council under section 94 (2) (h) of the Act and published under Government Notice No. R1691 dated 30th October, 1964, as amended:—

By the addition of the following further qualification under the heading:

(a) Medical Practitioners.

<i>Examining Authority.</i>	<i>Qualification.</i>	<i>Abbreviation for Registration.</i>
University of the Witwatersrand	Doctor of Philosophy (Medicine)	Ph. D. (Med.), Univ. Rand

No. R. 1300 (Republiek).] [2 Augustus 1968

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD.

WYSIGING VAN DIE REËLS BETREFFENDE DIE REGISTRASIE VAN ADDISIONELE KWALIFIKASIES.

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 94 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Apteekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan onderstaande wysiging van die reëls wat die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens artikel 94 (2) (h) van die Wet opgestel het en wat by Goewermentskennisgewing No. R. 1691 van 30 Oktober 1964, soos gewysig, afgekondig is:—

Deur die toevoeging van die volgende verdere kwalifikasie onder die opskrif:

(a) Geneeshere.

<i>Eksaminerende liggaam.</i>	<i>Kwalifikasie.</i>	<i>Afkorting vir registrasie.</i>
Universiteit van die Witwatersrand	Doktor in die Wysbegeerte (Geneeskunde)	Ph. D. (Med.) Univ. Rand

No. R. 1301 (Republic).]

[2 August 1968

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL
COUNCIL.

RULES REGARDING THE CONDITIONS UNDER
WHICH REGISTERED DIAGNOSTIC RADIO-
GRAPHERS MAY CARRY ON THEIR CALLING.

The Minister of Health has, in the exercise of the powers vested in him by section 94 (4) of the Medical and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), as amended, approved the following amendment to the rules made by the South African Medical and Dental Council under section 94 (2) (k) of the said Act and published under Government Notice No. R. 1721 dated 10th October, 1964:—

By the insertion in rule 1 (a) after the word "practitioner" of the words "or in a case where oral conditions are concerned under the direction and control of a registered dentist;"

No. R. 1301 (Republiek).]

[2 Augustus 1968

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN
TANDHEELKUNDIGE RAAD.

REËLS BETREFFENDE DIE VOORWAARDES WAAR-
OP GEREGERESTREERDE DIAGNOSTIESE RADIO-
GRAFISTE HULLE BEROEP MAG UITOEFEN.

Die Minister van Gesondheid het in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by artikel 94 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die volgende wysiging van die reëls deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad opgestel kragtens artikel 94 (2) (k) van genoemde Wet en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 1721 van 30 Oktober 1964:—

Deur in reël 1 (a) na die woord „geneesheer” die woorde „of in ’n geval waar mondtoestande betrokke is, onder die leiding en beheer van ’n geregistreerde tandarts;” in te voeg.

No. R. 1302 (Republic).]

[2 August 1968

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL
COUNCIL.

RULES REGARDING THE CONDITIONS UNDER
WHICH REGISTERED SPEECH THERAPISTS OR
REGISTERED SPEECH THERAPISTS AND AU-
DIOLOGISTS OR REGISTERED AUDIOLOGISTS
MAY CARRY ON THEIR CALLING.

The Minister of Health has, in the exercise of the powers vested in him by section 94 (4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), as amended, approved the following amendment to the rules made by the South African Medical and Dental Council under section 94 (2) (k) of the said Act and published under Government Notice No. R. 1729 dated 10th October, 1964, as amended by Government Notice No. R. 352 dated 15th March, 1968:—

By the insertion in rule 1 (a) after the word "practitioner" of the words "or in a case where oral conditions are concerned under the direction and control of a registered dentist;"

No. R. 1302 (Republiek).]

[2 Augustus 1968

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN
TANDHEELKUNDIGE RAAD.

REËLS BETREFFENDE DIE VOORWAARDES WAAR-
OP GEREGERESTREERDE SPRAAKTERAPEUTE OF
GEREGISTREERDE SPRAAKTERAPEUTE EN
AUDIOLOË OF GEREGERESTREERDE OUDIOLOË
HULLE BEROEP MAG UITOEFEN.

Die Minister van Gesondheid het in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by artikel 94 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die volgende wysiging van die reëls deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad opgestel kragtens artikel 94 (2) (k) van genoemde Wet en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 1729 van 30 Oktober 1964, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. R. 352 van 15 Maart 1968:—

Deur in reël 1 (a) na die woord „geneesheer” die woorde „of in ’n geval waar mondtoestande betrokke is, onder die leiding en beheer van ’n geregistreerde tandarts;” in te voeg.

No. R. 1303 (Republic).]

[2 August 1968

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL
COUNCIL.

RULES REGARDING THE CONDITIONS UNDER
WHICH REGISTERED MEDICAL TECHNOLO-
GISTS MAY CARRY ON THEIR CALLING.

